NHKA blitspos
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
Jaargang 16 – Uitgawe 32
14 September 2023

# Ons geestelike erfenis word in argivalia bewaar

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**In die week waarin die Bybel in Afrikaans amptelik 90 jaar oud geword het, het die NG Kerk Vrystaat se Argief 'n geslaagde eendagkonferensie in Bloemfontein aangebied.**

Dit was meer spesiaal in die skadu van die beroemde Vrouemonument. Die konferensie in 'n ouditorium van die Oorlogsmuseum op dieselfde terrein se bywoning was goed. Ongeveer 40 belangstellendes vanuit die argiefwese en aanverwante vakkundiges het entoesiasties deelgeneem, en dit nogal alles in Afrikaans! Gaan kyk gerus na die klein Bybeluitstalling wat tans daar is.

Die tema van die dag was *Eerste Dokumente – Laaste Dokumente*. Die tema is 'n belangrike merkteken – argivalia gaan altyd oor geskrewe of gedrukte bronne. Oor teks. Daar is 'n verskil met ander kultuurhistoriese bronne soos argeologie, antropologie, museumkundige voorwerpe en mondelinge oorlewering. Argivale bronne moet steeds harder praat om gehoor te word te midde van al die ander dissiplines wat saampraat. Almal vorm die geheelbeeld oor ons verlede, maar met 'n unieke stem. Dit alles in 'n tegnologiese wêreld waar inligting blitsvinnig op sosiale media beweeg en wêreldaktualiteit in sake soos koloniale geskiedenis en slawerny nie meer beperk is tot navorsers en studiesale nie, maar van almal is.

Daarom bly dit belangrik om geskrewe bronne te bly ontsluit en beskikbaar te stel. Talle sprekers het uitgewys dat sonder kerkgeskiedenis dit nie moontlik is om die Suid-Afrikaanse verhaal volledig te vertel nie.

Dit is deur ses sprekers uitgewys. Die Vrystaatse Kerkargief het goed daarin geslaag om *Eerste Dokumente* 'n Kaapse en Vrystaatse kleur te gee. Die bekende kerkhistorikus prof Dolf Britz het gefokus op die eerste argiefdokumente ná 1652 aan die Kaap waarin die Christelik-godsdienstige lewe van Europeërs aan die woord kom deur hul notules en verslae. Die Nederlandse geleerde prof Erik de Boer het daarop gewys dat daar nog heelwat ontgin kan word uit byvoorbeeld diakonale kasboeksyfers voor 1700 wat barmhartigheidswerk, ook vir inheemse kinders, bevorder het.

Die Vrystaatse dokumente vanuit die NG Zendingkerk se eerste notuleboek en 'n statige formele foto met evangeliste en dominees, toon aan hoe daar rondom 1910 te werk gegaan is in die NG Kerk Vrystaat om sendingwerk te organiseer en mekaar in Sesotho en Nederlands as kerktaal te hoor. Ons onthou tussendeur dat Afrikaans toe nog nie 'n geskrewe taal was nie. Hierdie lesing van ds Jan Lubbe toon vir my as argivaris aan hoe belangrik dit is om argivalia in plaaslike konteks te kan ontsluit en te interpreteer.

Dit het spontaan die vraag na vore gebring rondom digitalisering en die opleiding van argivarisse. In baie argiewe met min personeel is digitalisering 'n belangrike maar duur strewe. Dit plaas dokumente in die openbare domein, soms sonder konteks. Wat die laaste 20 jaar ook in die Afrikaanse taalgebied onderbelig word, is die vermoë om verbande te lê en verskillende argivalia korrek te bly interpreteer. Dit is vir behoorlike navorsing in primêre bronne 'n vereiste, want argiefbewaarplekke vertaal nie bronne uit Nederlands in Engels nie. Dit is die taak van ander. Die dalende lyn in die leesvermoë van Nederlandse handskrifte is 'n barometer vir bewusmaking onder die jeug om ons geestelike erfenis, wat veral in ons kerkargiewe lê, lewend te hou. Argiefbewaarplekke en opgeleide argivarisse op die erf van die geesteswetenskappe is nie 'n oorbodige luukse vir die verstaan van analoë bronne (papiernotuleboeke en handskrifte), of 'n aanlyn teks in die wolk van die e-Argief post-2000 nie.

**Nándor Sarkady, Argivaris van die NHKA**

## Lief en leed

- **Ds Leon Geel (sr)** van Gemeente Grimbeekpark en visevoorsitter van die Kommissie van die AKV, is met prostaatkanker gediagnoseer. 'n Operasie en behandeling volg later. Ons bid hom volkome herstel toe.



Ds Leon Geel (sr)

- **Ds AC (Anel) Boshoff** (beroepafwagtend) en haar man, Neels, se tweede baba, Sussa Anna Catharina (Anna-Bella), is op 28 Augustus gebore. Boetie Cornelius Johannes (Nikolas) het mos vir Jesus gevra vir 'n babasussie! Sy erf haar name by haar oumagrootjie aan moederskant, ouma Anna Catharina (Annatjie) Nel. Haar ouma Ansie Els het haar noemnaam gekies, wat beteken "lieflike genade". Baie geluk aan die gesin!



- Die Kommissie van die AKV het gemeentes tydens die gewone Kommissievergadering aan die begin van September opnuut versoek om om te sien na die **pastorale versorging** van die predikante, emeriti en beroepafwagtende predikante in hul omgewings.



Dr Frikkie Labuschagne

- **PretoriaFM** vier hul **30-jaar-fees** met 'n dankdiens op **Sondag 17 September** vanaf 10:00 in die **Senotaafsaal van die Voortrekkermonument**. Die diens word gelei deur dr Danie Langner, met engelkoorklanke van die Magaliesberg Kinderkoor onder leiding van Hannelie van Sittert. SMS die woord KERK, jou naam en die aantal gaste wat die diens gaan bywoon na 47887 om jou bywoning te bevestig (SMS'e kos R2).



Dr Rudy Denton

- **Die volgende predikante verjaar tot 22 September, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 14 September: Dr HJ (Hennie) Botes (75) (emeritus/Buffelspoort)
  - Vrydag 15 September: Ds PDM (Pieter) le Roux (61) (Christiana/Molopo/Vaalharts)
  - Maandag 18 September: Ds W (Wilma) Lötter-Matthee (25) (Richardsbaai)
  - Dinsdag 19 September: Di AJ (Attie) Hattingh (49) (Krugersdorp-Noord) en AJ (Kobus) Pienaar (62) (Kruin)
  - Vrydag 22 September: Di ZC (Zet) Robberts (70) (emeritus/Villiers) en E (Errol) Sheppard (63) (Rietspruit/Vanderbijlpark)



Dr Martin Jansen van Rensburg

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 2 Oktober** bereik **vir 13 Oktober** se Moderamenvergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.

- **Drr FJ (Frikkie) Labuschagne en RA (Rudy) Denton** het Maandagaand 11 September vertrek om 'n konferensie van die American Association of Christian Counselors in Nashville, Tennessee, by te woon. Ons bid hulle 'n voorspoedige en vrugbare reis toe.



Ds David Barnard

- **Dr MJ (Martin) Jansen van Rensburg** (Delmas) het 'n beroep ontvang na Lichtenburg.

- **Ds D (David) Barnard** van Magaliesmoot aanvaar op 30 September 2023 vervroegde emeritaat.

- **Ds IL (Innes) Benade** van Oudtshoorn aanvaar op 30 November 2023 emeritaat.



Ds Innes Benade

- **Ds L (Lynette) Lötter** word op 30 September 2023 met behoud van ampsvoorreg van gemeentes Goudveld, Kroonstad en Odendaalsrus losgemaak.

- Voormalige predikant **PWAN Bester** het van lewenstaat verander en is dus nie meer 'n predikant van die NHKA nie.

- **Mnr DA (Dirk) van Rooyen** se hertoelating tot die bediening is goedgekeur. Hy sal tydens die Novembervergadering van die Kommissie van die AKV gelegitimeer word.

- Die Kommissie van die AKV het bevestig dat 'n **emerituspredikant** steeds **in kommissies** van die Kerk mag dien mits die emeritus by wyse van 'n beroepsbrief na 'n gemeente beroep is.

- **Gemeente Johannesburg-Suid** het gedurende Maart vanjaar ontbind en met Gemeente Eikenhof saamgesmelt.

- Die Kommissie het besluit dat **ringskommissies** moet toesien dat **visitasie jaarliks** plaasvind kragtens Ordinansie 4.2.2 (viii) en dat die verslag van die visitasie by al die gemeentes in die ring jaarliks by die ringsvergadering bespreek word. Op hierdie manier word verseker dat gemeentes en ringskommissies verantwoordelikheid aanvaar vir al die aspekte van die bediening, administrasie en bestuur binne elke gemeente.

- Die **Etiese Kode** is op grond van 'n besluit van die AKV bindend op elke predikant van die Kerk, en sal in 'n omsendskrywe weer aan alle predikante gestuur word. Gemeentes word ook in kennis gestel dat dit onwettig is om **predikante se verlof** aan hulle uit te betaal. Predikante moet hul verlof gebruik om te rus en mag dit slegs op die voorwaardes soos uiteengesit in die Verlofreglement (wat by die die Kerkorde ingebind is) laat ophoop.

- Gedurende **September** vier **Gemeente Witfontein haar 60ste bestaansjaar**. Op **Saterdag 16 September** vanaf 18:00 vier ons die gemeente se "verjaardag" met 'n Bring-en-braai & Pizza-aand by Witfontein. Bring jou eie vleis, drinkgoed, eetgerei, pizzabasis en bestanddele. Vure en pizza-oonde sal reg wees vir 'n kuier wat die Here se genade luisterryk vier.







- Die **SP Engelbrecht-museum** nooi jóú uit vir 'n besoek. Dis 'n lekker uitstappie vir kategesegroepe, belydenisklasse, NHSV groepe, senior lidmate, gesinne, nie-Hervormers ook, en enige ander belangstellendes. Moedig asseblief mense aan om die Museum te besoek. Bring eetgoed en kom hou piekniek. Hier kan jy voorwerpe sien uit die geskiedenis van ons Kerk en van ons kerkmense. R40 per persoon sluit 'n ou wêreld oop. Bespreek vooraf by Carel Johann de Bruin, by 082 733 3951. [Die Museum is afhanklik van besoekersinkomste en donasies – skenkings of erflatings. Donasies is aftrekbaar van belasting. Gemeentes, ringe, lidmate, help ons asseblief.]
  **Elektroniese betalings**
  Rekeningnaam: Kerkgeld vir Kerkwerk
  ABSA takkode: 632005
  Tjekrekeningnommer: **020149752**
  Verwysing: **2468 2533**K + Naam
  Stuur asseblief bewys van betaling na **careljohann@gmail.com**

- **Tweede werkruimte vir Gemeente Gaborone.** Gemeente Gaborone ontvang graag aansoeke vir 'n **tweede volsorgwerkruimte**. 'n Suksesvolle kandidaat bedien die Afrikaans- en Engelssprekende gemeente van ongeveer 120 gesinne, asook die breër gemeenskap. Die dinamiese en diverse werkende gemeente is saamgestel uit uitgewekenes en permanente burgers, met lidmate wat afkomstig is van verskillende denominasies. Van aansoekers sal vereis word om 'n uitgesproke volgeling van Jesus te wees; te beskik oor voltooide opleiding aan 'n tersiêre instansie; bereid te wees om te verhuis na Botswana; en 'n dinamiese, roepingsbewuste, nie-diskriminerende en bevoegde prediker en evangelis te wees. Die twee werkruimtes dien parallel saam in die gemeente volgens gawes en pligstaat, soos uiteengesit deur die geloofleiers en die gemeente. Vergoeding is op 'n volsorgbasis wat behuising, medies, motortoelaag, pensioen, selfoon en kontantdeel insluit. Aansoeke aan Miranda de Wet (**mi@dwddrilling.com**) **sluit op 26 September 2023** en moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van twee referente insluit. Die suksesvolle kandidaat se permitproses om in Botswana te kan woon en werk, begin onmiddellik nadat die beroep aanvaar is.

- **Werkruimte vir deeltydse bediening: Gemeentes Otjiwarongo/Outjo-kombinasie.** Die kombinasie Otjiwarongo/Outjo in Namibië beskik oor 'n vakante werkruimte vir 'n deeltydse predikant. Unieke wetlike voorskrifte oor werkpermitte deur die Namibiese regering beperk die opsies wat die gemeentes kan uitoefen vir die bediening. In die lig daarvan is die ideale kandidaat vir die deeltydse pos 'n geëmeriteerde predikant in die ouderdomsgroep 65 tot

68 jaar wat nog die energie en inisiatief het vir gemeentewerk vir ’n periode van twee tot vyf jaar. Die kombinasie sal aansoek doen vir ’n tydelike werkpermit vir twee jaar, wat herhaal sal word indien die persoon vir langer kan of wil bly. Die vergoedingspakket sluit in: ’n gemeubileerde pastorie in Otjiwarongo; ’n gemeentemotor plus brandstof; en ’n kontantvergoeding per maand. Skakel ds Barrie Oberholzer by +264811487465 vir verdere inligting en administratiewe reëlings soos vir ’n mediese fonds.

## Vergaderings

- Donderdag 14 September: Rata Finkom
- Saterdag 16 September: NHSV Hoofbestuur
- Dinsdag 19 September: DPS en Plesion Finkom
- Vrydag 22 September: Beleggingskomitee

## ’n Gedig

**verby**

verby gisters
verby mense
verby oomblikke
verby planete
dryf ’n dolfyn
met sy wit pens bo die skuim

verby ’n see van herinnering
en alles wat dier of vis of albei is
verby paleise
en die eensame
tempels van kruise

verby mores
verby oseane
verby seë
verby sonne
bewapen gister alreeds teen die keersy van
die maan
sy vyfde kolonne wat ordelik in gelid van
die chaos staan

vergeet van gisters, dit is verby
waar dit eindloos witpens deur die heelal ry

**Pieter Smit**
(Uit: *Visum vir die vreemde*, 1977)




## Kerklike publikasies

- In die **September 2023-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** kleur ds Hannelie Botha haar redaksioneel in met die groen van lente wat in *September* begin en die bewusmaking van die maand vir Dowes. *Gebaretaal* word toegelig deur **mev Lynette Victor** van die Nasionale Instituut vir Dowes in Worcester en ons lees hoe babas Gebaretaal kan aanleer. **Ds Carel Johann de Bruin** van die SP Engelbrecht-museum deel met ons die kanselbehangsels in hout van Gemeente Kempten in *Die kanselkleed (Deel 8)*. Ten slotte vertel **Leonie Bezuidenhout** so ’n bietjie tong-in-die-kies *Die ouderdom is nie vir almal beskore nie.* Volg die skakel na ons NHSV publikasies **https://nhsv.org.za/publikasies/**.

## Toerusting

- Ouderlinge kan gerus die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se webtuiste** besoek. Gaan na **https://hervormdeteologie.co.za/ouderlinge/** vir inligting oor **gevorderde toerusting vir ouderlinge**. Tans verskyn daar reeds YouTube-skakels, PowerPoint-aanbiedings en Word-dokumente van Module I – *Die fasilitering van 'n erediens* **(ds Hannes van der Merwe)**; Module II – *Hoe berei predikante preke voor* **(dr Gerhard Nel)**; en Module III – *Die aanbied van 'n preek* **(prof Yolanda Dreyer)**. **Prof Stephan de Beer** se aanbieding van 29 Mei, *Hoe om jou gemeenskap beter te verstaan*, is ook daar beskikbaar. Laasgenoemde kan ook direk by **https://youtu.be/TnQNNDxzmP4** afgelaai word. Module II – *Die kuns van goeie gesprekvoering* **(dr Johan Bester)** is beskikbaar by **https://youtu.be/VfUgoBXodwA**, *Hoe om lidmate in tye van krisis te begelei* **(dr Annelie Botha)** by **https://youtu.be/dUJ9kXs4Tvw,** en *Siekebesoek en sterwensbegeleiding* **(dr Annelie Botha)** by **https://youtu.be/AcAQ3DrH7yw**.




- **Excelsus Lentekonferensie: Lente in Bediening en Teologie**
  **19-21 September 2023**
  *As it is in heaven*: Kerkwees hier en nou
  By Universiteitsoord en UP
  30 VBO-punte
  Fooi: R1 380
  Emeriti en studente R690
  **excelsus@up.ac.za**
  **www.excelsus.org.za**
  (Die Lentekonferensie is deel van Excelsus se program vir Voortgesette Bedienings-ontwikkeling – VBO – en word in samewerking met die Hervormde Teologiese Kollege en die VBO-Forum van die NG Kerk aangebied.)

## Fondsinsamelings

- **Alphonso Theron** (61) het besluit om twee monsters aan te durf. Hy wil die **Munga**, een van die heel moeilikste ultramaratons vir bergfietse in die wêreld, voltooi – vir Rata en die kinders wat so dapper teen hul monsters stry! Die deelnemers moet meer as 1 100 km tussen Bloemfontein en Wellington binne 5 dae aflê. Om die monster van Rata se tekort aan inkomste te tem, wil Alphonso R1 000 000 insamel – 1 000 persone of instansies wat elk R1 000 skenk.

  **https://rata.org.za/alphonso-se-monsteruitdaging/**

  **Elektroniese betalings**
  Rata Maatskaplike Dienste MSW
  ABSA tjekrekeningnommer: 020 600 209
  Takkode: 632005
  Verwysing: MUNGA + Naam

- Daar is ’n **geleentheid vir ’n gemeente of individu** om by die **Centurion Boeremark op Saterdae** pannekoek en/of *jaffles* te verkoop. ’n Stalletjie kos R250 per Saterdag. Deposito R250 eenmalig en sertifikaat van Tshwane vir kosverkope eenmalig R920. Kontak Christo Potgieter by 072 737 3644.

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Barmhartigheid

- Die lewe is rof. Ons sien die SASSA-pensioenarisse kan hierdie maand nie hul geld trek nie, as gevolg van “tegniese uitdagings”. Mense sit en huil, want vir baie is dit die enigste inkomste waarvan hulle moet (probeer) leef. Ons sien dit in ons eie gemeenskappe, maar ook by baie van Ons Tuis se inwoners. Ons gemeentes kan elkeen betrokke wees by ons **bejaardes** in plaaslike tehuise en ook Ons Tuis-tehuise deur tyd, geld of goedere te skenk. Baie inwoners is eensaam – baie se kinders is in die buiteland. Hulle het so ’n behoefte aan ’n bietjie aandag en liefde – iemand wat vir hulle voorlees of net ’n bietjie gesels. Die **Ons Tuis-groep** (soos die meeste tehuise vir bejaardes) is afhanklik van maatskaplike subsidies en donasies. Enige bydraes wat geskenk word, help êrens ’n gaatjie toestop. Neem ’n bejaarde aan en staan hom of haar by asof dit jou pa of ma is. Om te gee, verryk die gewer én die ontvanger se lewens. Maak ’n verskil in ’n bejaarde se lewe, en sien die verskil in jou eie lewe.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  Enkelwoonstel (*bachelor*): R495 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000

  **Tans is daar ook ’n enkelwoonstel (*bachelor*) te huur** vanaf 1 Oktober 2023, teen R5300 per maand. Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 of 083 308 0520 (08:00-12:00) vir meer inligting.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur ’n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Kommentaar

“Baie dankie aan ds Neels van Tonder vir sy standpunt oor die Kerk se dogma (*Blitspos* 7 September 2023). Sonder dogma is ’n kerk soos ’n skip sonder navigasie... weet nie waar jy vandaan kom of waarheen jy gaan nie. As ’n leraar ‘vry’ van die Kerk se dogma wil preek, is die vraag: Waarom ses jaar lank studeer om die grondtale en die teologie te bemeester? Die dogma dui juis vir ons die koers aan waarvolgens ons ons teologie beoefen en ons preke voorberei. Dan glo ons almal dieselfde as gemeenskap van gelowiges. As die dogma ontbreek, lei dit maklik tot sektewese.” (Ds Fanie Naudé, emeritus/Greylingstad)

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.



## Gebed vir die week

Liewe Heer,
dankie dat u alles om ons laat herleef.
U het die seisoene so ontwerp
dat elkeen daarvan ’n spesiale les vir ons inhou.
U het alles wonderbaar geskape,
en alles georden om in volmaakte harmonie
volgens u plan te floreer.
Dankie, my Heer.
Amen.

**prayforeverything.com/prayers-for-spring/**

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)


Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk